

Dinsdag 23 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 10:19-35

Fokusgedeelte: Handeling 10:28-29, 34-35

God maak nie onderskeid nie

In sy ewige raadsplan het God die volk Israel van die heidense nasies afgesonder. Met Jesus Christus se koms het die rede vir afsondering verval.

So laat Hy vir Petrus begryp dat Hy nie onderskeid maak nie. Uit enige volk neem Hy mense aan. Deur sy Gees bewerk Hy geloof sodat Hy geëer word waar gedoen word wat reg in sy oë is. Die Heilige Gees het vir Petrus ten volle oortuig dat hy, sonder om te twyfel of te aarsel, na Kornelius gegaan het.

Toe die gesante by die huis kom, het die Heilige Gees vir Petrus daartoe beweeg om hulle sonder aarseling te ontvang. Hy gehoorsaam onmiddellik.

Deur die visioen het God hom voorberei om na die huis van 'n heiden te gaan. Hierdie insig was 'n belangrike stap in die voortgang van die evangelie.

Die volgende dag vertrek hy, die gesante en ses broeders. Kornelius het alles gereed gemaak om vir Petrus te ontvang. Hy, sy familieleden en vriende het na Petrus se koms uitgesien en om te hoor wat hy in opdrag van die engel sou verkondig.

Petrus verklaar dat hy nou eers begryp dat God nie onderskeid tussen Jood en heiden maak nie. Net soos by die Jode, werk die Heilige Gees in uitgeroepe heidene se harte ware geloof. Daarvan is Kornelius en almal by hom getuies waar hulle God vereer en doen wat reg is.

Petrus sou hulle verder oor vergewing van sonde in die bloed van Christus onderrig. Wat 'n genade dat by God geen aanneming van die persoon is nie! Uit genade, sonder enige verdienste van ons kant af, word ons van die ewige verderf gered.

Elkeen van ons is geroep en word deur die Heilige Gees bekwaam en gewillig gemaak om die kerk van Christus te vestig. Gehoorsaam onmiddellik!

Sing: Skrifberyming 1-1:2, 5

Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)